# 4 November 2023 - Lesing 167 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Sonde teen die Gees – 14/10/60

**NO: 7725** Die Gees moet julle nie afweer nie. Ek sê dit, **omdat julle 'n sonde begaan, as julle jul opstel teen die Gees, as julle My werksaamheid insien en tog bewustelik daarvan afstand doen**.

Want dan sal julle ewiglik nie met My in verbinding kan tree nie, omdat julle dan My Self afweer en Ek uit My deur die Gees.

Die werksaamheid van die Gees in die mens **is die bewys van die bestraling deur My Liefde.** En wys julle haar af, **dan sondig julle teen die Gees**, omdat julle opnuut die sonde van weleer begaan:

Deur My nie te erken nie, die Een Wie julle 'n sigbare bewys van Sy teenwoordigheid gee. En hierdie sonde kan julle nie vergewe word nie, omdat - as julle die Gees verwerp - **julle ook JaHshua Messias en die verlossingswerk nie erken nie**, wat julle vergifnis skenk, en omdat julle dan opnuut die gang deur die skepping sal moet gaan, 'n gang van onmeetbare kwelling.

Sondig daarom nie teen die Gees nie. Erken My werksaamheid, want julle voel in julle dat dit Ek is wat daar spreek. Julle voel dat My vaderlike Gees van ewigheid Homself openbaar. Julle voel dit, dat Gees tot gees spreek en tog wys julle dit af. En julle weet dat Ek Self gesê het: "*Alle sondes kan julle vergewe word, maar nie die sonde teen die Gees nie*".

En hierdie sonde begaan die mens wat die stem van die Vader herken, maar sy hart en oor afsluit, wanneer sy in hom weerklink. Hierdie sonde begaan die mens wat sy afwerende houding handhaaf, ofskoon hy haar herken.

Want hy is nog in die mag van My teenstander wat hom nie die weg na Jesus laat vind nie. **En hy sal ook nooit die weg na die kruis gaan nie, omdat die vyandige gees hom beheers**, omdat sy hom tot afweer aanspoor en hy haar wil gehoorsaam.

Om die stem van die Gees te herken is 'n geskenk van My genade, wat die mens moet benut. Want wanneer die stem van die Gees die hart van 'n mens kan raak, dan het hy al 'n sekere graad van rypheid bereik. En 'n mens sal ook maar selde hierdie daad van genade by hom laat verbygaan, want sy het 'n gelukkig makende uitwerking op hom. En die geesvonk in die mens stuur onophoudelik op My aan, sy vaderlike Gees van ewigheid.

Maar die werksaamheid van My Gees sal ook uit lae motiewe bestry word, ten spyte van die feit dat die besef daarvan teenwoordig is. En dan sondig julle teen My, soos wat julle eens gesondig het. En hierdie sonde sal die sonde van weleer veelvoudig vergroot en onnoemlike leed oor julle bring, waarteen Ek julle almal graag wil waarsku en behoed.

En as julle van goeie wil is, sal julle kan besef of en wanneer My Gees aan die werk is. En dan sal julle moet opkom vir My en My Gees.

**Julle moet nie sondig teen die Gees nie, sodat julle nie verlore gaan** en weer eindelose lang tyd nodig sal hê, totdat julle weer deur My aangeneem sal word nie. Amein.

Mattheus 12

*22 TOE het hulle 'n satanbesetene wat blind en stom was, na Hom gebring; en* ***Hy het hom gesond gemaak****, sodat die blinde en stomme kon praat en sien.*

*23 En die hele menigte was verbaas en het gesê: Is Hy nie miskien die seun van Dawid nie?*

*24 Maar toe die Fariseërs dit hoor, sê hulle: Hy dryf die demone nie anders uit as* ***deur Beëlsebul****, die prins van die demone, nie.*

*25 Maar JaHWèshua het hulle gedagtes geken en vir hulle gesê: Elke koninkryk wat teen homself verdeeld is, word verwoes; en elke stad of huis wat teen homself verdeeld is, sal nie bly staan nie.*

*26* ***En as die Satan die Satan uitdryf, dan is hy teen homself verdeeld. Hoe sal sy koninkryk dan bly staan?***

*27 En as Ek deur Beëlsebul die demone uitdryf, deur wie dryf julle seuns hulle uit? Daarom sal hulle jul regters wees.*

*28* ***Maar as Ek deur die Gees van Elohim die demone uitdryf, dan het die Koninkryk van Elohim by julle gekom.***

*29 Of hoe kan iemand in die huis van 'n Magtige ingaan en sy goed roof, as hy nie eers die Magtige geboei het nie? En dan sal hy sy huis beroof.*

*30 Hy wat nie met My is nie, is teen My; en hy wat nie saam met My versamel nie, verstrooi.*

*31 Daarom sê Ek vir julle: Elke lastering en oortreding sal die adamiete vergewe word,* ***maar die lastering teen die Gees sal die adamiete nie vergewe word nie****. [Boekrol van Henog 12:5]*

*32 En elkeen wat 'n woord spreek teen die Seun van die Adam, dit sal hom vergewe word;* ***maar elkeen wat spreek teen die Gees van die Apartheid, dit sal hom nie vergewe word nie, in hierdie tyd nie en ook in die toekomstige tyd nie.***

Groot Evangelie van Johannes Boek 1, Hoofstuk 185

[13] Maar God het medelye met Sy volk en wil hulle nou weer help, daarom het God My (JaHshua) dan ook na julle toe gestuur. As dit nou dus klaarblyklik die geval is soos wat julle dit self sien, **waarom verstrooi julle (die Farriseërs) dan weer alles wat Ek versamel?**

[14] **Want wie nie vir My is nie, is teen My** en wie nie met My versamel nie, verstrooi (Matthéüs. 12:30) en is

blykbaar **teen die Gees van God wat julle wil vrymaak**!

[15] Daarom voeg Ek by alles wat julle oorgekom het dit nog toe: *Alle sonde en lastering word die mens vergewe, maar die lastering van die Heilige Gees nooit!* (Matthéüs. 12:31) Want julle het baie goed geweet dat Ek die besetene genees het deur die Krag van God, maar julle het vanweë skandelike aardse voordele en vanweë julle aansien nogtans **die Gees van God in My gelaster** wat julle wou red en so het julle dan ook van die heidene julle verdiende loon gekry!"

[16] Die fariseërs sê: "Ons het nie die Gees van God, maar slegs vir U gelaster, en U, wat vlees en bloed is, is tog sekerlik nie die Gees van God nie? Want U is net soos ons slegs maar die seun van `n mens!"

[17] Ek, JaHshua antwoord hulle: "Ja wel, skynbaar is Ek dit ook, maar in werklikheid is Ek moontlik heelwat meer. Maar as Ek net soos julle `n seun van `n mens is, **dan is dit nie in die minste `n verontskuldiging vir julle lastering nie**! Want Ek as Seun van die Adam verrig beslis nie die dade nie, - net so min as julle! Maar in die Seun van die Adam wat nou voor u staan **is slegs die Gees van God werksaam, en dit is Sy wat julle belaster het;** want nie Ek, maar God se Gees het hier ten aanskoue van julle dit alles gedoen, en julle het Hom gelaster.

[18] Ja, wie homself teen My, as suiwer mens, uitlaat, dit word vergewe; **maar wie homself teen die Heilige Gees uitlaat, dit word hom nie vergewe nie, nòg hier, nòg in die hiernamaals**! (Matthéüs. 12:32)

[19] Want as `n boom eenmaal volledig sleg is, gee hy slegte vrugte, maar van `n goeie boom sal ook die vrugte goed wees. Dus - aan die vrug herken `n mens `n boom! Julle is die boom en die Judeërs wat deur julle verheidens het, is julle vrug! Oordeel self of dit goed of sleg is!" (Matthéüs. 12:33)